



In hierdie uitgawe:

◆ <i>Oordenking - Die verhaal van die 4 perde</i>	<i>p1</i>
◆ <i>Woord deur die voorsitter</i>	<i>p2</i>
◆ <i>Respekteer die ooreenkomste van die verlede</i>	<i>p5</i>
◆ <i>Besoek aan Prins Buthelezi</i>	<i>p8</i>
◆ <i>Rassisme in die gronddebat</i>	<i>p9</i>
◆ <i>Afrikaans - Nie plek vir draadsitters</i>	<i>p11</i>
◆ <i>Leuens oor plaasmoorde</i>	<i>p15</i>
◆ <i>Slagspreuke skryf is makliker as om beleid uit te voer</i>	<i>p16</i>
◆ <i>Bestel Broederskap</i>	<i>p17</i>

Oordenking - Die verhaal van die 4 perde

Die verhaal van die 4 Perde is SA se verhaal

Op Dinsdag 19 September 2018 het die Gebiedsbyeenkoms van Gauteng-Noord in die NG Kerkzaal Valleisig, Faerie Glen, Pretoria plaasgevind. Ds Wim Slabbert het die geleentheid geopen met die onderstaande gedagtes.

Kom ons gryp vanaand in hierdie stilword tyd van ons samekoms terug op die grondslae waarop die AB homself positioneer het en die grondslae wat ons gebruik om vorm en inhoud te gee aan ons werk in die wêreld.

Ons Vadere het ons geleer om die lewe van ons organisasie te grondves op die Woord van God en dat hierdie Woord rigtinggewend te laat wees vir ons denke oor ons rol in die wêreld.

Ons het dit in ons grondslag so verwoord: Die Afrikanerbond is gegrondves in die geloof dat die Bybel die Woord van die Drieenige God is en dat dit van rigtinggewende betekenis vir die hele lewe is – veral vir ons bou aan die toekoms van Suid Afrika.

In hierdie woorde beskryf die Bond homself soos ons hom leer ken het:

- 'n Organisasie met 'n duidelike Christelik-godsdienstige oortuiging en aanslag
- 'n Organisasie met duidelike polities/filosofiese visie die Christelike demokrasie
- 'n Organisasie met 'n werklikheidstrewende.... Hy is daar waar sy mense se voetsole die grond slaan.

U kan vra: Hoekom hierdie besoek aan dit wat in ons Grondslag staan? My antwoord is: Omdat die Here by alles wat Hy vir ons gedoen het, ons ook voorberei het vir die lewe wat op ons wag nadat Jesus opgevaar het, aan die regterhand van sy Vader gaan sit het en die bestuur van sy kinders se lotgevalle in sy hande geneem het.

Openbaring 5 vertel vir ons van Jesus wat in die hemel terugkom en die Boekrol van sy Vader ontvang. Die boekrol is die dinge wat sal gebeur en God se mense al teister tot met sy wederkoms. Openbaring 6 vertel (in die verhaal van die 4 Perde) die lewensuitdagings waarin die Kerk van die Here en sy gelowiges hulle lewensroeping sal moet uitleef en die geloof behou. Lees en oordink met my die paar verse en verstaan hoe ontsettend relevant hulle is vir ons tyd:

1. Ek het gesien toe die Lam die eerste van die sewe seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die knal van 'n donderslag: "Gaan uit!"
2. Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oor-
(Vervolg op p2)



Oordenking - Die verhaal van die 4 perde (verv)

winnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin. Hierdie wit perd se ruiter verpersoonlik die valse profeet – Hy lyk soos Jesus, die ruiter van Openbaring 19, maar hy is die verleier. Hy kom mense se oortuigings en geloof verwar. Godsdienstig is sy grootste prestasie om mense van God te vervreem en hulle hulle eie God te word. Die groot woord is sekularisasie.

Maar dink net aan die totale verwarring wanneer dit by die lewensfilosofie van mense kom, mense se idees oor hoe die wêreld regeer moet word. Ons bespreek die Christelike demokrasie as die AB se ideaal en ook waarom die beginsels bekend gemaak moet word aan almal wat hierdie land 'n leefbare plek wil maak.

Ons sien egter ook die stryd tussen filosofieë: In ons land woed in die stryd teen die sosialisme van die Nasionale Demokratiese Rewolusie wat deur die ANC en SAKP gedryf word. Ons is pas deur die Zuma periode van Afrika demokrasie en voor dit die Mugabe despotisme. Uit ons verlede onthou ons Hitler se nasionaal sosialisme. Al hierdie idees het uitgeloop op regerings wat baie van mekaar verskil het.

Die wit perd versinnebeeld hierdie oerwoud van denkbeelde en oortuigings waaruit mense moet kies en iemand moet leiding gee. In die naam van hierdie oortuigings het miljoene mense al in oorloë gesterf.

3. Toe Hy die tweede seël oopmaak, het ek die tweede lewende wese hoor sê: “Gaan uit!”

4. Daar het 'n ander perd, 'n vuurrooie, uitgegaan. Aan sy ruiter is opdrag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, sodat die mense mekaar sal uitmoor. 'n Groot swaard is aan hom gegee.

Wat het ons verlede week gehoor oor ons land met sy 56 moorde per dag en die res van die misdaad statistiek? Dit maak mens na om net daaraan te dink. Dit praat van 'n algehele miskening van mense en hulle lewens en goedere.

Ons voorouers het die uitdrukking gebruik...die hel is los.

Hoe maak mens in so 'n wêreld 'n verskil?

5. Toe Hy die derde seël oopmaak, het ek die derde lewende wese hoor sê: “Gaan uit!” Ek het gesien: daar was 'n swart perd. Sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad.

6. Toe het ek iets soos 'n stem by die vier lewende wesens hoor sê: “Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie.”

Ekonomiese ellende, inflasie, hongersnood en die geveg in ons land om af te sien van beleidsrigtings wat hierdie ellende kan laat verdiep. Dink aan die misdaadnes wat geskep is deur mense aan wie belangrike staatsentiteite toevertrou is...

7. Toe Hy die vierde seël oopmaak, het ek die stem van die vierde lewende wese hoor sê: “Gaan uit!”

8. Ek het gesien: daar was 'n vaal perd. Sy ruiter se naam was Die Dood, en die doderyk het agter hom aan gegaan. Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood en met pes en deur die wilde diere van die aarde.

Dis die hartseer storie: Mense wat leef in die haglikste van maatskaplike omstandighede, 'n regstelsel wat ingeplof het, 'n gesondheidstelsel wat mens rillings gee..

Dis die wêreld waarin ons volksgenote leef, waarin ons landgenote uitmekaar geruk word en waaraan die AB 'n verskil probeer maak. Of ons dit wil weet of nie: As ons bly is oor die liefde van God, dan moet ons verheug wees oor die geleentheid om sout te wees ...die preserveermiddel te saai...sodat die verrotting kan minder word.

Openbaring 6 se verhaal is nie net interessant nie...dit maak mens lam....dit skok jou uit jou stupor...en dit leer jou bid. ❖

Woord deur die Voorsitter

**Jaco Schoeman,
Voorsitter van die Nasionale Raad**

Broederskap. Eufees geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond en die Afrikanerbond 1918 -2018, met outeur OJO Ferreira en die redakteur PF Theron is 'n Afrikaanse boek wat wyd gelees word en gunstige kommentaar ontlok. Daar is bykans nie 'n politieke leier tans in die land wat nog nie hierdie boek onder oë gehad het nie en met groot begrip en meelewing, erkenning gee aan Afrikanerskap en die rol van die Afrikaner. Hierdie boek, het soos die Afrikanerbond oor die laaste paar dekades, grense in hierdie land oorgesteek, brûe gebou vinniger as wat die huidige rewolusionêre klimaat kon afbreek.

(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

Wat 'n groot voorreg was dit om dit ook aan Prins Mangosuthu Buthelezi, 'n dag of twee na sy 90 ste verjaardag, in sy kantoor by die Marksgebou by die Parlement te kon oorhandig wat dit met vonkelende oë en trots in besit geneem het, en sonder veel omhaal van woorde vinnig geblaai het na bladsy 369 waar hy in sy eie woorde op 'n vraag oor of Suid Afrika steeds die Afrikaner nodig het as volg reageer: *“Oh, Absolutely, Absolutely. And the contribution they are making, There are many things that were done, even under the apartheid cloak, good things for wrong reasons.*

Dit wil tog lyk asof daar 'n herontdekking van waardes is en kan net die gesprekke van die Afrikanerbond van die laaste twee maande hiervan getuig en as baie bemoedigend ervaar word.

Hierdie is gewigtige woorde wat nie sommer net in ons klere kan sit nie en dwing mens om hand in eie boesem te steek. Met dieselfde eerlikheid en afgemete stemtoon het daar op hierdie dag 'n fontein van wysheid en eerlikheid uit die mond van hierdie Afrika Prins gestroom, wat nie 'n aks afwyk van die waarheid nie, al maak dit seer en soms voel soos 'n assegaai teek wat diep in die hart druk. Bekend vir sy onwrikbare beginsels, en die ongewildheid wat hy homself op die hals gehaal het tydens die ANC se gewapende stryd in die tagtigs en die skade wat dit veroorsaak

het, kan hierdie ware heer, met gesag praat ook oor die vlag van moord en misdaad van die verlede, en ook tans. Op 'n vraag of die moorde onder burgerlikes in KwaZulu en plaasmoorde tans nog die wrange vrugte kan wees van daardie saad wat in die tagtigs deur die ANC en Radio Freedom gesaai is, was sy kopknik veelseggend.

Daar is geen twyfel dat Afrikaners en die swart prinse van Afrika, wel op die oomblik die leierskap het om hierdie land tot ongekende sukses te kan lei, maar helaas, daardie kaliber mens materiaal wat onder hierdie Afrika son ontwikkel het is toenemend besig om die knie te buig voor vreemde ideologieë en dissipels van 'n rewolusie wat die land duur te staan kan kom en nuwe leiers op sleeptou kan neem. Van daardie leiers wat nie vas kan staan nie, begin toenemend die vryheidstryd voortsit en beweeg weg van staatsmanskap.

Dit wil tog lyk asof daar 'n herontdekking van waardes is en kan die gesprekke van die Afrikanerbond van die laaste twee maande hiervan getuig en as baie bemoedigend ervaar word. Die oplossing vir die land lê moontlik veel eerder in burgerlike organisasies en strukture, as in die parlement wat te dikwels soos 'n *“Afrika Disneyland”* raak ten spyte van die handjievul deurtrapte en ervare parlementariërs, wat vinnig min raak, maar steeds hard probeer sin maak van hierdie noodsaaklike instelling. Die Parlement, is besig om in 'n hedendaagse klug te ontwikkel. Die parlementariërs is geseënd met 'n uitstekende salaris ten koste van, 'n stille menigte wat hierdie instelling en die ampte eerbiedig. Sommige parlementariërs beklee die amp met waardigheid en verdien die salaris, maar die oorgrote meerderheid buit die posisie uit met haatspraak en eerbiedig nie die amp of die grondwet nie. Desnieteenstaande word hulle weer binne die parlementêre stelsel herkies, neem weer die groot salaris op en gaan voort met hulle haatspraak en opruiery. Hierdie is 'n gevaarlike roulette spel wat Suid-Afrika duur te staan gaan kom.

Dit is met groot hartseer dat ons hierdie maand Prof. Cobus Ferreira wat die outeur van Broederskap ons Eeufeesboek is, na 'n lang siekbed aan die dood moes afstaan. Ek sal nooit sy opgewondenheid vergeet toe ek hom die dag na die Bondsraad in die Bay View hospitaalkamer in Mosselbaai besoek het nie. Sy gesig het gestraal by die lees van al die koerantberigte oor die Bondsraad wat oral in sy kamer gelê het. Daar was geen einde aan sy vrae oor die Bondsraad en die ontvangs van die boek nie. Terwyl hy my eksemplaar van die boek geteken het, het hy hartseer opgekyk, verklaar dat dit vir hom

so 'n groot voorreg was om die boek saam met Prof Theron te kon skrywe maar kopskuddend gesê, *“hierdie is bykans soos die onvoltooide simfonie' ek wens ek kon dit voltooi met 'n hoofstuk oor die Bondsraad viering in die Paarl. Dit is die kersie op die koek van eenhonderd jaar se prestasies.”* Ek het besef dat die Bondsraad daarom nie die einde van die vorige eeu is nie maar die begin van die nuwe eeu.

Welwetende dat sy gesondheid baie swak was het ek flouerig 'n suggestie gelaat dat hy eendag 'n laaste bladsy moet byvoeg. Groot was my verbasing egter toe ek tuis kom en alreeds 'n handgeskrewe notatjie van 3 bladsye ontvang het wat hy solank aangestuur het vanuit sy siekbed. Ons eer sy nagedagtenis en uiteraard ook die skool wat hom op sy pad van sukses geplaas het, D F Malherbe in Port Elizabeth. (Nou hang 'n Oos Kaap onderrok ver uit)

(Vervolg op p4)

Woord deur die Voorsitter (verv)

Besondere leiers en staatsmanne het oor dekades heen Suid-Afrika by uitnemendheid gedien en kan ook nou hierdie land ophef vanuit die maalkolk wat besig is om almal in te suig. Daar is 'n groter wordende wekroep, bykans 'n noodroep, dat jong leiers na vore sal tree om die rewolusionêre aanslag wat soos 'n golf op

“Opstand is net so noodsaaklik vir 'n volk as getrouheid. Dit is nie gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie – wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan.” N P van Wyk Louw.

die land afpyl en 'n ideologie wat die land verswelg sal stuit. Dit is daarom dat ek met groot vreugde verneem dat die Jeuginisiatief van die Afrikanerbond weerbarstig groei en dat kragtige nuwe lote na vore kom. Die Nasionale Raad het al by verskeie geleenthede lede uitgenooi om onverwyld met die kantoor kontak te maak, indien u bewus is van jong Afrikaners wat die Afrikanerbond sal help slyp sodat ons die uitdagings van die toekoms die hoof kan bied. *“Opstand is net so noodsaaklik vir 'n volk as getrouheid. Dit is nie gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie – wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan.”* N P van Wyk Louw.

Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsreg, het op 6 September 2018 'n Beraad oor Eiendomsreg in Pretoria gefasiliteer. Dit was 'n besondere waardevolle gesprek van bekommerde Suid-Afrikaners oor 'n breë spektrum. Ingrypende besluite is geneem oor verskeie aspekte en baie spesifieke opdragte is aan die dagbestuur van die Ad Hoc gegee vir uitvoering. 'n Volledige verslag oor hierdie beraad kan by die sekretariaat van die Ad Hoc, by die Eike aangevra word.

Daar is in opdrag weer eens dieper gekyk na ander artikels in die Grondwet as net Artikel 25, soos ook 38 en 39 en is die proses tans aan die gang. Die Afrikanerbond, soos ook al die ander lede van die Ad Hoc Groep het by herhaling ons ongemak oor 'n lang tyd uitgespreek, oor die rassistiese wig wat die regering en ander in die Suid-Afrikaanse samelewing bly indryf. Ook die motivering vroeër vanjaar in die Parlement vir die herbesoek aan die grondwet oor eiendomsreg, is gebaseer op persepsie, retoriek, politieke druk en onwaarhede. Dit word duidelik beheer deur 'n regering wat in diepe nood is, sy verantwoordelikheid nie kon nakom nie en nou op 'n politieke populistiese wyse kiesers wil koop onder 'n vals vlag van “the people have spoken”.

Dit is veral kommerwekkend dat verkeerde statistiek oor grondbesit self in Internasionale arenas verkondig word, ten spyte dat verskeie organisasies, veral die Afrikanerbond, onafhanklike ouditverslae bekend gemaak het en by die parlement ingedien het. wat telkens die leuens van die regering blootlê. Meer kommerwekkend nog is die pogings van die regering om burgerlike organisasies wat wel die regte boodskap internasionaal verkondig, verdag te maak en selfs te waarsku om dit te staak en dan moedswillig voort gaan om verkeerde inligting te verskaf en die wêreld te mislei.

Die Ad Hoc het om hierdie rede besluit om 'n feiteblad met die ware feite en inligting oor grond en veiligheid (Plaasmoorde) op te stel wat ons aan die regering en ambassades en ander beskikbaar sal maak sodat gesprekke soos die wat verlede week tussen Minister Sisulu en VSA minister van buitelandse sake Mike Pompeo in New York plaasvind, darem met minstens die regte inligting plaasvind, nie die wat gerieflik opgedis word om regverdiging te bied vir die ANC om die grondwet te wil verander nie. Dit is goed en wel om aan Donald Trump die versekering te gee dat “hy hom nie oor Suid Afrika hoef te bekommer nie” maar Suid Afrikaners is hoogs bekommerd omdat die Regering duidelik self nie te vertrou is nie.

Meer kommerwekkend nog is die pogings van die regering om burgerlike organisasies wat wel die regte boodskap internasionaal verkondig, verdag te maak en selfs te waarsku om dit te staak en dan moedswillig voort gaan om verkeerde inligting te verskaf en die wêreld te mislei.

Wanneer die waardige prinse van Suid-Afrika, waaronder al die oud lewende presidente, (uitgesluit Zuma) steeds strewende na die nie-rassige en suksesvolle Suid-Afrika, kry ek moed. Dit is waarvoor ons ons beywer het, oor geslagte heen. Die stemme van 'n De Klerk, Mbeki soos in die uitgelekte verslag enkele dae gelede, of Motlanthe klink gereeld as dinge skeefloop – ook in die geval van die rasgebaseerde poging vir die verandering van eiendomsreg.

Die Afrikanerbond neem met groot dankbaarheid kennis en weet verseker dat nuwe jong Afrikanerleiers nou stelling inneem om die rewolusionêre aanslag op ons voordeur te stuit. Ek verklaar onomwonde my volle vertroue, maar ook my diepe dankbaarheid vir hierdie jong Afrikanerleiers wat in hierdie maand na vore getree het om ook hierdie organisasie van ons sterk te maak. Afrikaners is en bly onlosmaaklik deel van 'n suksesvolle Suid Afrika. Wees gereed, wees getrou en wees sterk. ❖

Respekteer die ooreenkomste van die verlede

Br Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond het die mondelinge voorlegging van die Afrikanerbond op 5 September 2018 aan die Parlementêre Gesamentlike Grondwethersieningskomitee gemaak. Die Gesamentlike komitee hersien die moontlike hersiening van artikel 25 van die grondwet en volg op 'n proses van skriftelike kommentare, en openbare verhore. Die hersieningskomitee sal hulle verslag waarskynlik vroeg in November aan die Parlement voorlê.

Inleiding

Uit ons Credo: Die Afrikanerbond is vas oortuig en ons glo dat ons eie belange en dié van ons mede-Afrikaners onskiedbaar is van die belange van enige ander Suid-Afrikaner en ander mense in Suid-Afrika. Daarom sal ons, waar nodig, met die owerhede en politieke partye op alle vlakke en met alle patriotiese organisasies in die burgerlike samelewing saamwerk om gemeenskaplike oogmerke te verwesenlik. Dit is die rede waarom ons vandag hier is. Ek is trots daarop om die voorsitter te wees in die jaar waarin die Afrikanerbond ons eeufees vier.

Ons geskiedenis – Ons plegtige ooreenkoms – voor 1994

Ja, ons was almal deel van die ou Suid-Afrika, en ja, apartheid het vir wit Suid-Afrikaners meer voorregte gegee. As 'n wit Suid-Afrikaner is ek bevoordeel, maar ek probeer al langer as 50 jaar om van my vaardighede aan my mede-Suid-Afrikaners terug te gee.

Ja, dit is waar dat die eerste wisselwerking tussen Afrikaners en die ANC in 1986 plaasgevind het. Dit was 'n ontmoeting tussen prof Pieter de Lange, Voorsitter van die Afrikaner Broederbond, en Thabo Mbeki in New York. Dit was 'n belangrike mylpaal, en dit is ook so deur mnr Thabo Mbeki erken.

In hierdie einste parlement het mnr FW de Klerk op 2 Februarie 1990 die beeld van Suid-Afrika verander. Iets wat Suid-Afrika vir altyd verander het. Wit mense het ingewillig om die bedeling wat hulle bevoordeel het, te verander. 'n Referendum, wat die wit gemeenskap erg verdeel het, is gehou.

Onderhandelinge is gevoer en 'n plegtige ooreenkoms is gesluit op die grondslag van die 34 Grondwetlike Beginsels wat die hoeksteen van die Tussentydse Grondwet was. Dit het die grondslag van ons nuwe demokratiese bedeling gevorm.

Een van die belangrike grondwetlike beginsels is Beginsel nommer 2:

“Elkeen moet alle universeel aanvaarde fundamentele regte, vryhede en burgerlike vryhede geniet, waarvoor voorsiening gemaak moet word en wat beskerm moet word deur verskanste en beregbare bepalinge in die Grondwet.”

Artikel 17 van die VN se Universele Verklaring van Menseregte lui soos volg: “(1) Elkeen het die reg om individueel en in assosiasie met ander eiendom te besit. (2) Niemand se eiendom mag arbitrêr afgeneem word nie.”

Universeel aanvaarde fundamentele regte: Mag ek u herinner dat dit vanjaar die 80ste herdenking is van die VN se Universele Verklaring van Menseregte. Onteiening sonder vergoeding is strydig met die gevestigde internasionale beginsel van die Verklaring. Suid-Afrika is 'n mede-ondertekenaar van hierdie verklaring van Menseregte. Artikel 17 van hierdie verklaring lui soos volg: “(1) Elkeen het die reg om individueel en in assosiasie met ander eiendom te besit. (2) Niemand se eiendom mag arbitrêr afgeneem word nie.”

Niemand se eiendom mag arbitrêr afgeneem word nie

Ons is bly om te sien dat die regering daadwerklik beleide nastreef wat die lewe van arm Suid-Afrikaners kan verbeter. Ons is egter nie van mening dat die uiters drastiese maatreël om die Grondwet te wysig ten einde grondonteiening sonder vergoeding moontlik te maak, die gewenste uitwerking sal hê nie.

(Vervolg op p6)

Respekteer die ooreenkomste van die verlede (verv)

Die Grondwet van Suid-Afrika was 'n ooreenkoms om die lewe van alle Suid-Afrikaners te verbeter; dit is in die allermoeilike tyd onderhandel deur individue uit alle sferes van die lewe en politieke oortuigings in ons land.

Soos ons in die onlangse verlede gesien het, kan niemand die goeie karakter of bedoelings van een mens waarborg nie, laat staan nog 'n hele organisasie.

Aangesien die Grondwet die ruggraat van ons demokrasie is, moet 'n wysiging daarvan bespreek word slegs wanneer alle ander moontlikhede uitgeput is, en nie uit dienstigheids nie. Soos ons in die onlangse verlede gesien het, kan niemand die goeie karakter of bedoelings van een mens waarborg nie, laat staan nog 'n hele organisasie.

Hierdie regering se bedoelings met die beoogde wysiging kan dalk suiwer wees, maar wie kan waarborg dat hierdie uiters drastiese en onbeproepte oplossing, nie dalk later teen die mense van hierdie land

gebruik sal word nie?

Dit is belangrik om verkeerde dinge reg te stel en die lewe van ons mense te verbeter, maar om dit te wil doen met die wisselvalligste van alle moontlike oplossings, is nie die risiko werd nie. Om dit te doen, hou vir ons 'n geweldige risiko in.

'n Werkbare oplossing vir die grondkwessie moet gekry word, en ons reken dit is moontlik.

Die grond behoort aan diegene wat dit bewerk. Dit is 'n pragtige ideaal, MAAR –

- jy moet risiko's loop,
- jy moet jousef en jou gesin verbind,
- jy moet voedsel en skuiling verskaf.
- 'n Boer moet finansiering kry en is van banke afhanklik vir lenings. Om dit te doen, het jy eienaarskap nodig – titelaktes. Om hierdie rede beskou ons eiendomsregte as die enigste werkbare resep vir groei en ontwikkeling en voedselsekerheid in Suid-Afrika.

Voedselsekerheid is nie net die verantwoordelikheid of die las van wit boere nie. Enige boer wat grond besit, moet ook voedsel vir ander mense kan verskaf en moet maatskaplik verantwoordelik wees om ander mense te help en om die omgewing te beskerm. 'n Vryemarke ekonomie met 'n maatskaplike gewete – dit is ons Christelike demokratiese visie, en ons glo vas in hierdie verantwoordelikheid om te help waar daar 'n behoefte is en om by te dra tot die opheffing van behoeftige mense.

Die fout lê nie by die grondwet nie maar by 'n onbekwame regering

Die huidige regering eksperimenteer al 24 jaar lank met die verkeerde beleide en raamwerke, en dit was rampspoedig in elke opsig. Om artikel 25 van die Grondwet te wysig, sal nie 'n kitsoplossing meebring vir die gemors wat deur die regering en die regerende party vererger word nie.

'n Vryemarke ekonomie met 'n maatskaplike gewete – dit is ons Christelike demokratiese visie, en ons glo vas in hierdie verantwoordelikheid om te help waar daar 'n behoefte is en om by te dra tot die opheffing van behoeftige mense.

'n Wysiging van die Grondwet sal nie die behoefte aan grond en eiendomsregte en die behoefte aan titelaktes op sowel landelike as stedelike grond verlig nie. Ongelukkig is 'n wysiging van die Grondwet nutteloos as ons steeds sit met:

- politieke partye met 'n verskuilde agenda wat steeds aan uitgediende ideologieë vasklou;
- gebrek aan politieke wil; en
- mense wat nie daartoe in staat is om beleide te implementeer nie.

Oor die afgelope 24 jaar was daar ongelukkig weinig vordering met landelike ontwikkeling en grondhervorming. Dit was 'n tydperk van verlore kansen en verspeelde geleenthede as gevolg van politieke opportuniste en mislukkinge deur die verantwoordelike departemente. 'n Wysiging van die Grondwet sal nie hierdie probleem oplos nie.

Ramaphosa en 2018 en die behoefte aan grondhervorming

Op die Afrikaerbond se eeufeesviering op 7 Junie in die Paarl het president Ramaphosa onder meer die volgende gesê:

(Continued on page 7)

Respekteer die ooreenkomste van die verlede (verv)

(Vervolg op p7)

“Laat ons die toekoms van hierdie land saam beplan en bepaal. Laat ons vrede soek vir hierdie verskeurde, tragiese, verdeelde Suid-Afrika. As dit reg hanteer word, sal grondhervorming help om die nasie saam te bind en voordele vir almal oplewer. As dit swak bestuur word, sal dit eenvoudig gegriefdheid herversprei, die ekonomie benadeel en maatskaplike vrede vernietig. As dit glad nie gedoen word nie, sal die land in sy wese verdeeld bly.”

Soos ons in die onlangse verlede gesien het, kan niemand die goeie karakter of bedoelings van een mens waarborg nie, laat staan nog 'n hele organisasie.

Talle versekerings is gegee, soos dat dit nie “die ekonomie moet benadeel en maatskaplike vrede moet vernietig nie” – met ander woorde, dit mag nie voedselsekerheid benadeel nie. In die president se woorde: Dit mag nie die ekonomie benadeel nie. Ongelukkig daal beleggersvertroue sedert 21 Desember 2017, toe die ANC sy voorneme verklaar het om die Grondwet te wysig. Mense wantrou nuwe beleide en nuwe eksperimente, omdat ons 'n onlangse geskiedenis van chaos en staatskaping het.

President Ramaphosa het gesê: Laat ons saamwerk om die toekoms van ons land te bepaal.

- Ons sê en bepleit dit al jare lank.
- Talle verslae en voorstelle oor hierdie kwessie vergaar net stof.
- Talle versoeke vir vergaderings met vorige presidente en baie ministers van Grondsake en Landbou, Veiligheid en Sekuriteit, en Kuns en Kultuur is nooit beantwoord nie.
- By die burgerlike samelewing is daar nie 'n gebrek aan bereidwilligheid nie. Die regering het sy deure toegemaak en sy ore toegedruk vir enige voorstel, enige oplossing, enige samewerking.

Doen die regte ding

Grondhervorming en eiendomsregte moet nie as 'n verkiesingsfoefie op die altaar geplaas word nie. Om grond uit deel, bied geen waarborg in die stryd teen armoede en werkloosheid nie.

Daar moet behoorlike en billike grondhervorming wees – om die regte redes. Ons is van mening dat daar steeds 'n geleentheid is om die foute van die verlede reg te stel. Dit vereis 'n verantwoordelike benadering tot grondhervorming binne die raamwerk van die tersaaklike artikels van die Grondwet. In 'n opname wat in 2016 gedoen is, het Suid-Afrikaners gesê werkloosheid, dienslewering, 'n behuisingstekort, misdaad en armoede is hulle grootste probleme. Net 0,5% van swart Suid-Afrikaners het gesê die herverdeling van grond is hulle grootste probleem.

Grondhervorming is nodig, maar die proses moet eerlik, opreg en openlik geskied. Die Afrikanerbond is van mening dat 'n volledige oudit van grond en behuising gedoen moet word, en dat kategorieë van grond en titelaktes (in landelike en stedelike gebiede) daarby ingesluit moet word.

Eienaars van titelaktes moet billik en regverdig behandel word, en waar onteiening moet plaasvind, moet dit met billike vergoeding geskied. Dit moet die hoeksteen van die ekonomie bly!

- Ons moet eiendomsregte beskerm maar ook na swart eienaars uitbrei:
- Gebruik elke moontlike stuk beskikbare grond wat tans in die hande van alle sferes van die staat is.
- Onderhandel met tradisionele leiers vir die uitbreiding van eienaarskap op huidige gemeenskaplike grond.
- Verskaf sagte lenings aan mense wat grond in landelike of stedelike gebiede wil hê.
- Verskaf opleiding en bystand vir nuwe boere.

Die belangrikste: Die staat het bewys dat hy nie vertrou kan word om die bewaarder of oppasser van grond te wees nie – hy kan dus ook nie die dryfkrag agter grondhervorming wees nie. Om suksesvol te wees, moet die regering sy grondhervormingsprogram aan 'n bekwaame agentskap oordra – in 'n gesamentlike onderneming met handelsbanke. Laastens. Hierdie hele parlementêre proses – hoewel dit goed hanteer word deur hierdie Gesamentlike Komitee – berus ongelukkig nie op die korrekte aannames of motiewe nie. Daar word naamlik beweer dat weer dat grond gesteel is en daar is geen betroubare data oor eienaarskap van grond nie.

Soos ons in die onlangse verlede gesien het, kan niemand die goeie karakter of bedoelings van een mens waarborg nie, laat staan nog 'n hele organisasie.

Die proses van openbare verhore is deur politieke partye gebruik en misbruik, met die 2019-verkiesing as die

(Vervolg op p8)

Respekteer die ooreenkomste van die verlede (verv)

dryfkrag.

TEN SLOTTE

Die regering ontnem tans die meeste mense van hierdie land van ekonomiese vryheid en 'n beter lewe. Die probleem lê nie by die Grondwet nie. 'n Nasie kan nie van sy regering vir aalmoese en pasellas afhanklik wees nie. 'n Goeie regering sal sy mense ophef, welvaart skep en voorsien in die behoeftes van die nood-druftiges en sal hulle nie permanent van pasellas afhanklik maak nie. Ons huidige beleidsraamwerke lei klaarblyklik tot permanente verarming van 'n groot deel van ons samelewing.

Moet asseblief nie die feit uit die oog verloor nie dat die burgerlike samelewing bereid is om met die owerhe- de saam te werk om blywende oplossings vir hierdie probleme te kry. Mag ek u almal hier teenwoordig daar- aan herinner dat ons (die Afrikanerbond) vanjaar ons eeufees vier. Ons het 'n geskiedenis van een honderd jaar, wat bewys lewer van die suksesvolle pogings van 'n klein groepie mense wat hulle eie mense opgehef en opgevoed het en bygedra het tot die ideaal van 'n nuwe daeraad vir Afrikaners.

Ons aanbod staan steeds: Kom ons werk saam tot voordeel van elkeen en binne die raamwerk van die

Besoek aan Prins Buthelezi

Op 5 September 2018 het die Voorsitter van die Nasionale Raad, Br Jaco Schoeman en die Hoofsekretaris, Br Jan Bosman 'n welwillendheidsbesoek aan Prins Mangosuthu Buthelezi gebring. Die afspraak by sy kan- toor in die Marksgebou in die Parlementêre kompleks in Kaapstad, is ook bygewoon deur Liezl van der Mer- we, IVP lid van die Parlement.

Die besoek het verskeie doelwitte gehad:

Ons kon Prins Buthelezi persoonlik gelukwens met sy 90e verjaarsdag wat slegs 'n paar dae tevore op 27 Augustus 2018 gevier is. Hy het ons ondermeer bedank vir ons verjaarsdagwense aan hom op die dag.

Ons kon hom bedank vir die groeteboodskap wat hy aan ons gestuur het met ons Eeufeesviering waarin onder meer gesê het: 'Ek het groot bewondering vir die Afrikanerbond se totale toewyding en bydrae tot Suid-Afrika se sukses. Met ongelooflike wysheid, het julle besef dat die oorlewing van een, staatmaak op die oorlewing van almal as 'n geheel. Ek eer julle vir julle patriotisme.' Hy het die groeteboodskap afgesluit "Ek prys die Afrikaner gees. Dis 'n gees van probleme oplos en probleme oorbrug en oorkom. Dis *die* gees van toewyding wat ons nodig het om ons probleme van sosiale ongelykhede, armoede en morele verval, suksesvol aan te spreek."

Ons het ook die boek oor die Eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner Broederbond en die Afrikanerbond, Broederskap, aan hom oorhandig. 'n Hoofstuk in die boek bevat uittreksels uit 'n onderhoud met Prins Buthelezi en sy belewenis van die Afrikaner en die Afrikanerbond.

"Uit talle van my toesprake sal jy opmerk dat ek aanhou sê dat die storie van die Afrikaner een van die mees inspirerende verhale is. Hoedat die Afrikaner homself letterlik van sy skoenveters af opgelig het en die armoedevraagstuk ontworstel het. Ek het aan my mense gesê dat die Zulumense dieselfde kan doen." Hy gaan voort om te verwys na die pilare waarop sy politieke filosofie gebou is: "Self help and self reliance. And the story that inspired me was the story of the Afrikaner." Oor die Broederbond, is sy gevoel: "My perception was that it was an exclusive club of Afrikaners, that it was a self-upliftment instrument only. To us it looked as if it was exclusive on a racial basis. That's all. One does not see it as anything more than that – that was the perception."

Prins Buthelezi was opreg dankbaar oor die boek en het dadelik vir Liezl van der Merwe die hoofstuk gewys wat aan hom gewy is sowel as sy foto in die boek.

Ons het tydens die gesprek verwys na die Regering van Nasionale Eenheid en die besondere rol wat hy hier- in gespeel het. Ons kon die gedeelte van die gesprek afsluit met 'n wedersydse oortuiging dat Suid-Afrika met



Br Jaco Schoeman saam met Prins Mangosuthu Buthelezi tydens die besoek aan die Parlement.

(Vervolg op p9)

Besoek aan Buthelezi (verv)

sy diep uiteenlopende politieke verskille en groot polarisasie waarskynlik weer 'n regering van Nasionale Eenheid benodig.

Daar is tydens die gesprek verwys na die onderhandelinge by Kodesa en ook die kwessies waarop daar ooreengekom is en wat nie altyd deur die regering nagevolg word nie. Dit bly die burgerlike samelewing saam met politieke partye se rol om die regering verantwoordbaar te hou.

Prins Buthelezi het aan die einde van die gesprek wat besonder aangenaam verloop het opnuut sy dank en waardering teenoor die Afrikanerbond betuig en ook vir die moeite wat gedoen is om hom te besoek. ❖

Rassisme in die gronddebat

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Die Afrikanerbond is onlangs deur die Gesamentlike Parlementêre Grondwetlike Hersieningskomitee genooi om 'n mondelingse voorlegging te doen oor die wysiging van Art25 die Sogenaamde Eiendomsreg klousule. Ons standpunt in beide die skriftelike voorlegging sowel as die mondelingse voorlegging, is dat die grondwet nie gewysig moet word nie.

Ons mondelinge voorlegging op Woensdagmiddag 5 September 2018 het gevolg na die voorlegging van mnr Carel Boshoff van Orania wat op sy beurt voorafgegaan is deur die uiters gevaarlike Andile Mngxitama van Black First Land First wat deur 'n aantal ondersteuners vergesel is. Sommige ondersteuners wat geklee was in T-hemde met die bewoording op die rug "Land or Death (Sien foto) het die tafel gedek vir die voorlegging wat sou volg.



Mngxitama van Black First Land First is natuurlik nie 'n onbekende aan die parlementêre terrein nie en was vir 'n wyle 'n LP van die EFF totdat hy in Februarie 2015 deur die party geskors is, nadat hy die EFF van wanaanwending van fondse beskuldig het. Sy gedrag tydens 'n sitting van die parlement was vir die Speaker ook onaanvaarbaar en is hy in November 2014 vir 5 dae geskors weens sy uittartende gedrag.

Tydens die onderskeie voorleggings aan die Hersieningskomitee, net soos met ander sittings is daar 'n deurlopende kom en gaan van organisasies, joernaliste en ook lede van die Parlement. Dit was egter opmerklik dat terwyl Mngxitama besig was met sy voorlegging, mnr Nick Koornhof, ANC LP instap om sy sitplek in te neem, dat Mngxitama homself onderbreek en terstond aan die voorsitter vra "Why are you allowing this white man to disrupt me?" Oor sy rassistiese tirade daarna het die media wyd berig. "Grond moet van witmense afgeneem word en aan swart mense gegee word, Grond sal met geweld van wit mense teruggeneem word. Grond is deur witmense gesteel. Orania en witmense het geen reg op grond nie." Hy het ook verwys na wit mense in stedelike gebiede wat groot huise het. Hulle sal swartmense in wit huise plaas met 8 kamers wat deur slegs drie witmense bewoon word en ander onverantwoordelike en onsinne uitlatings.

Bo en behalwe die blatante rassistiese uitlatings wat hy tydens sy voorlegging gemaak het, het hy ook op 'n vraag te kenne gegee dat hy "proud to be a constitutional delinquent" is. Volgens die Afrikaans/Engelse woordeboek wat geraadpleeg is is 'n "delinquent" 'n oortreder of misdadiger. Sinonieme van die Engelse woord dui aan lawless, lawbreaking, criminal, errant, badly behaved, unruly."

"Grond moet van witmense afgeneem word en aan swart mense gegee word, Grond sal met geweld van wit mense teruggeneem word. Grond is deur witmense gesteel. Orania en witmense het geen reg op grond nie."

Die gedrag van Andile Mngxitama is natuurlik nie net beperk tot sy voorlegging en erkenning van "grondwetlike misdadigheid" nie maar ook deur sy en Black First Land First se optredes en aksies. Die openlike ondersteuning aan mnr Jaco Zuma en sy seun Duduzane by die se hofverskyning begin al klaar 'n prentjies skets van die ideologiese rigting wat hulle inslaan. In 'n onderhoud met die Mail & Guardian op 18 Mei 2018 sê Andile Mngxitama dat hulle ondersteuning en bevordering van radikale ekonomiese transformasie, die verdediging van mnr Jacob Zuma en die jag op wit monopolie kapitaal hulle in die hoofstroom van die politiek geplaas het. Sedertdien is die term Wit Monoplie

(vervolg op p10)

Rassisme in die gronddebat (verv)

kapitaal as 'n skepping van Bell Pottinger uitgewys. Die verwantskap tussen die Bell Pottinger groep en die Guptas en werk wat Andile Mngxitama op hulle instruksies uitgevoer het, is uitgewys in die Guptaleaks e-posse wat uitgelek het en wat in die Staatskaping ondersoek vorentoe waarskynlik verder uitgelig sal word. Die befondsing van BFLF deur die Gupta familie is ook al in Mei 2017 deur die media ontbloot. Hy het dit ontken, maar het die Gupta familie strykdeur verdedig.

Die vraag moet egter gevra word waarom iemand soos Andile Mngxitama en die BFLF wat na hulself verwys as grondwetlike misdadigers enigsins grondwetlike prosesse kan gebruik om hulle ongrondwetlike optrede, aksies en uitsprake te kan bevorder.

Dieselfde Mail & Guardian berig het ook verwys na die Black First Land First wat hulself grond op Steve Biko se Swartbewussyn beweging en was sedert sy stigting “betrokke by grondbesittings in Gauteng en Limpopo” en 'n sterk voorstander daarvan dat Suid-Afrika se “wit bevolking uit die land geskop moet word.”

Bo en behalwe die feit dat die BFLF erg rassisties was met hulle voorlegging, het die afvaardiging na hulle voorlegging met groot lawaai en gevloekery die komitee kamer verlaat. Ten tyde van die skrywe kon ons nog nie vasstel of die Parlement self enige standpunt ingeneem het teen die gedrag van BFLF nie.

Die BFLF het natuurlik al 'n reputasie vir optredes in die parlement. In 'n media verklaring van die Parlement op 3 Mei 2017 betreur hulle die optrede van die einste Andile Mngxitama wat die Gesamentlike komitee sitting van die portefeulje komitee vir Handel en Nywerheid en van Finansies ontwrig het. Die een portefeuljekomitee voorsitter is 'n fascis genoem en het hy gedreig om die ander voorsitter aan te rand.

Die Parlement het toe reeds gesê dat dit in stryd is met die “oop en demokratiese kultuur van betrokkenheid wat die Parlement te alle tye wil bevorder” Hulle het ook in die verklaring dit as feit gestel dat BFLF met die vooropgestelde idee van konflik na die komitee gekom het “eerder as deur 'n konstruktiewe benadering” Volgens die verklaring moedig die Parlement aktiewe openbare deelname aan en 'n kultuur van robuuste debat en 'n vrye uitruil van uiteenlopende standpunte. Van alle deelnemers word egter “te alle tye verwag om die gees van die Grondwet en die reëls van die Parlement te handhaaf,” aldus die verklaring. Die parlement sou die voorval ondersoek en dan bepaal watter verdere stappe gedoen moet word. Meer as 'n jaar later kan ons nie vasstel of daar enige iets verder van die voorval gekom het nie.

Mngxitama en die BFLF se optrede en standpunte tydens die voorlegging op 5 September 2018 is egter presies dieselfde en is dit duidelik dat die parlement deur sy eie nie-optrede van vorige insidente nou 'n slagoffer van sy eie omstandighede geword het.

Die vraag moet egter gevra word waarom iemand soos Andile Mngxitama en die BFLF wat na hulself verwys as grondwetlike misdadigers enigsins grondwetlike prosesse kan gebruik om hulle ongrondwetlike optrede, aksies en uitsprake te kan bevorder? In 'n Parlementêre media verklaring op 30 Augustus 2018 oor die aard van die voorleggings word mede voorsitter van die Grondwetlike Hersieningskomitee mnr Lewis Nzimande aangehaal wat sê: “die voorleggings is van die landbousektor, akademië, burgerlike samelewingsorganisasies en die godsdienstige sektor. Black First Land First is dit nie. Meer as 33 organisasies vanuit die burgerlike gemeenskap het binne die grondwetlike perke, voorleggings aan die Hersieningskomitee gedoen binne die parlement se riglyne vir “aktiewe openbare deelname aan en 'n kultuur van robuuste debat en 'n vrye uitruil van uiteenlopende standpunte.” Meer nog die organisasies het almal binne die “gees van die Grondwet en die reëls van die Parlement” hulle standpunte gestel. Van BLF kan dieselfde nie gesê word nie en as geregistreerde politieke party is hulle nie verheve bo die grondwet nie. 'n Soektog van die 261 geregistreerde politieke partye by die Onafhanklike Verkiesingskommissie het aangedui dat Black First Land First (BLF) wel nasionaal geregistreer is as 'n politieke party.

Meer nog die organisasies het almal binne die “gees van die Grondwet en die reëls van die Parlement” hulle standpunte gestel.

Indien hulle dan wel 'n politieke party is en as sodanig wil optree moet hulle as politieke party deelneem aan verkiesings en hulle standpunt so bevorder. 'n Soektog by die OVK toon aan dat die BLF nie aan die 2016 plaaslike regeringsverkiesings deelgeneem het nie. In sy skriftelike voorlegging sê Andile Mngxitama namens BLF dat hulle 'n Swartbewussyn, Pan Afrikanistiese beweging is wat 'n “Sankaristiese leierskapetos” omhels. 'n Wikipedia inskrywing dui daarop dat Sankariste die ideologie omhels van die militêre regering onder leiding

(Vervolg op p11)

Rassisme in die gronddebat (verv)

van kaptein Thomas Sankara wat nou bekend staan as Burkino Faso voorheen Bo-Volta, wat in 'n volksondersteunde militêre staatsgreep die regering in 1983 oorgeneem het. Hy word gesien as 'n werklike Afrika-revolusionêr.

Max du Preez skryf op 26 Junie 2017 in Netwerk24 dat Sankara se filosofie “was dat die land trots en selfversorgend moes wees eerder as om op buitelandse hulp te wag. Hy wou armoede uitroei en menswaardigheid herstel. Hy het onderwys en gesondheid reggeruk, vrot amptenare en onderwysers in die pad gestee en BBP-lyfwagte afgeskaf. Hy het groot landbouprojekte begin en miljoene bome aangeplant om die woestyn in toom te hou. Hy het tienduise mense werk gegee deur hulle self huise, paaie en 'n spoorlyn te laat bou. Hy was die eerste Afrika-staatshoof wat vir gelykberegtiging van vroue geagiteer het.” Sy regering het lofwaardige ideale gehad maar het onder andere opposisiepartye verbied.

Of Black First Land First deur hulle rassistiese en onverdraagsame optrede en uitsprake wel as 'n Sankaristiese beweging getipeer sal word, sal tyd ons leer. Die gelag en kopskud van lede van die parlement en ander mense teenwoordig op 5 September 2018 in die ou Volksraad oor die uitsprake en optrede van die BFL is meer kommerwekkend. Laat ons maar lag en koppe skud. In hulle skriftelike voorlegging aan die parlement skryf Andile Mngxitama in paragraaf 11 “The return of the land must be guided by the principle of “by any means necessary” Saam met T-hemde wat in die parlement gedra is “Land or death” is die ernstige waarskuwing dat grond van witmense afgeneem sal word – met geweld indien nodig. Daaroor moet daar nie twyfel wees nie. Behoede Suid-Afrika en behoede die wit bevolking as Andile Mngxitama en sy makkers se idees begin steun kry van Suid-Afrikaners, veral swart Suid-Afrikaners. Hulle is gevaarlik in optrede en uitsprake. Hulle is deur eie erkenning grondwetlike misdadigers en het geen respek vir die grondwet, sy prosesse of wetgewing wat politieke partye reguleer nie. Die Verkiesingswet bevat 'n Gedragskode wat daarop gemik is op die bevordering van “voorwaardes wat bevorderlik is vir vrye en regverdige verkiesings en die skep van 'n klimaat van verdraagsaamheid” As ons dit in ag neem steur min politieke partye hulle hieraan. ❖

Afrikaans - Nie plek vir draadsitters

Onder is 'n verwerkte weergawe van die toespraak van Adv Jan Heunis wat hy op Dinsdag 4 September 2018 by die Afrikanerbond in Malmesbury gelewer het.

Die aansoek vir die tersydestelling van die Universiteit Stellenbosch se 2016-taalbeleid sou op 13 September 2018 aangehoor word, maar is voorlopig van die rol

Wanneer daar nie meer 'n universiteit is wat Afrikaans as 'n primêre taal van onder- rig gebruik nie, sal dit die begin van die einde van die breër Afrikaanssprekende gemeenskap se kulturele huis wees.

van die konstitusionele hof verwyder, sodat die saakrekord van 6 000 bladsye in Engels vertaal kan word. Die feite bly nog steeds dieselfde en daar is nog steeds die behoefte aan fondse vir die regsding.

Oor hierdie saak moet ons met mekaar reguit praat. Wanneer daar nie meer 'n universiteit is wat Afrikaans as 'n primêre taal van onder- rig gebruik nie, sal dit die begin van die einde van die breër Afrikaanssprekende gemeenskap se kulturele huis wees. Dit het nie alleen enorme implikasies vir Afrikaans se hoër funksies nie, vir Afrikaans as wetenskapstaal nie, maar ook vir huidige en voorne- mende studente wat in Afrikaans wou en wil studeer. Asook vir primêre en sekondêre skoolonderrig in Afrikaans wat noodwendig sal afneem namate daar nie meer 'n geleentheid vir tersiêre onderrig in daardie taal is nie. Vir Afrikaanse boeke, koerante en tydskrifte – noem maar op.

Ten spyte van al die versekeringe dat dié beleid nie sou lei tot 'n noemenswaardige vermindering van die Afrikaanse aanbod nie, is dit 'n gegewe dat daar van Afrikaans in lesinglokale bitter min oorgebly het en in die administrasie van die US feitlik niks.

In 'n artikel in Die Burger van 29 Augustus 2018 skryf Christo van der Rhee de dat gedeelde waardes die grondslag lê vir 'n gedeelde visie en dat dit 'n waardegedrewe en verenigde Afrikaanse gemeenskap is wat die toon moet aangee om die waardes en ideale soos vervat in ons Grondwet te respekteer, te beskerm en daaraan uitvoering te help gee. Maar hy bespeur in sy daaglikse omgang met die Afrikaanse gemeenskap hoe erg verdeeld Afrikaanssprekendes is en dat dit gepaardgaan met 'n vyandigheid en aggressiwiteit wat simptome is van 'n groter probleem waarvan die wortels diep strek.

(Vervolg op p12)

Afrikaans - Nie plek vir draadsitters (verv)

Hiermee het die geskiedenis en hedendaagse politieke, ekonomiese, kulturele en sosio-maatskaplike uitdagings en onsekerheid waarmee die Afrikaanse gemeenskap gekonfronteer word, veel te make. Die risiko, sê

Daarby laat sommige van ons toe dat ons die mond gesnoer word of bly ons sommer uit eie beweging stil, kwansuis asof ons nie geregtig is op 'n standpunt nie of nie geregtig is om ons standpunt uit te spreek nie.

hy, is dat onderlinge konflik so 'n destruktiewe impak op die Afrikaanse gemeenskap sal hê dat dit weldra geen konstruktiewe bydrae meer tot Suid-Afrika se vooruitgang te lewer sal hê nie. Daarby laat sommige van ons toe dat ons die mond gesnoer word of bly ons sommer uit eie beweging stil, kwansuis asof ons nie geregtig is op 'n standpunt nie of nie geregtig is om ons standpunt uit te spreek nie – so asof die Grondwet nie ook 'n dokument van versoening en 'n nuwe begin is nie.

Volgens Van der Rheede sal die faktore wat die breë Afrikaanse gemeenskap se bydrae ondermyn, geïdentifiseer moet word en 'n werkbare, regverdigde oplossing daarvoor gevind moet word. Indien

hierdie faktore in stryd is met die beginsels soos in die Grondwet vervat, is daar sekerlik 'n geregverdigde stryd wat 'n nie-rassige Afrikaanse gemeenskap kan voer om dit uit die weg te ruim. Dit is vir so 'n stryd dat ek u oproep. Dat ek 'n beroep doen op u rede en u hart.

Min gebeurtenisse het hierdie Van der Rheede-waarhede skerper in fokus gebring as die US se besluit om Engels te promoveer tot die primêre onderrigtaal en die gebruik van Afrikaans af te skaal tot so 'n mate dat dit in die praktyk noodwendig daartoe sal lei dat dit kort voor lank sy status as onderrigtaal heeltemal sal verloor.

Hierdie onreg aan die hand van ons taalgenote roep 'n nie-rassige Afrikaanse gemeenskap op tot 'n geregverdigde stryd in ooreenstemming met beginsels soos in die Grondwet verwoord.

Die besluit van die US stapel die een skokkende feit op die ander:

- Die mense wat die proses van verengelsing dryf, is Afrikaans-sprekendes;
- Hulle doen dit, so argumenteer hulle, ter wille van transformasie, terwyl transformasie en onderrig in Afrikaans nie vreemdelinge vir mekaar, of teenpole, of uitsluitend hoef te wees nie en die breë Afrikaanssprekende gemeenskap dit nie voorstaan of bepleit nie;
- Hulle weier om na rede te luister, soos wat hulle weier om in 'n eerlike oop debat te tree met diegene wat van hulle verskil;
- In die strewe om van die US 'n wêreldklas-instelling van uitnemendheid te maak, het die US veral in Gauteng en KwaZulu-Natal uitnemende studente gewerf wat verdien om aan so 'n uitnemende instelling te studeer, met die gevolg dat die getal wit Engelssprekende studente tot so 'n mate gegroei het dat hulle getalle gelyk is aan dié van Afrikaanssprekende studente.
- En toe, in plaas daarvan om albei tale as gelyke tale van primêre onderrig in te stel, word die transformasie-perd ingespan om die afskaling van die Afrikaanse aanbod ter wille van 'n groter Engelse aanbod te regverdig – so asof die bruin komponent van die Afrikaanse gemeenskap nie 'n transformasie-aanspraak het nie.

Hierdie is nie 'n saak vir draadsitters nie. Die geskiedenis gaan diegene wat niks meer gedoen het nie as om die hele proses gade te slaan en miskien meewarig die kop te skud, net so hard oordeel soos diegene in die owerheidstrukture van die US wat verantwoordelik is vir die besluite wat tot die vernietiging van Afrikaans as onderrigtaal aan daardie instelling gelei het.

Hierdie is die moment waarop, soos Helen Zille na sommige van ons verwys het, die burgers van die Republiek van Stille sal moet opstaan om getel te word. Hierdie is nie 'n saak waarvoor u net in u binnekamer met u eggenoot of langs die braaivleisvuur met u vriende fluistergesprekke kan voer nie. Hierdie is 'n tot hiertoe-en-nie-verder-nie-moment vir gans die Afrikaanssprekende gemeenskap.

Hierdie is 'n tot hiertoe-en-nie-verder-nie-moment vir gans die Afrikaanssprekende gemeenskap.

Langenhoven het by geleentheid in die senaatsdebat oor die vervanging van Nederlands as amptelike landstaal met Afrikaans gevra: 'As Nederlands julle taal is, waarom praat julle dit nie? As Afrikaans julle taal is,

(Vervolg op p13)

Afrikaans - Nie plek vir draadsitters (verv)

waarom skryf julle dit nie?' Wat aan die US aan 't gebeur is, dring die vraag aan ons op: As Afrikaans julle taal is, waarom gedoog julle hierdie onreg?

“As Nederlands julle taal is, waarom praat julle dit nie? As Afrikaans julle taal is, waarom skryf julle dit nie?”

CJ Langenhoven

Ná al die pleidooie wat op dowe ore geval het, al die debatte waartydens daar nie na rede geluister is nie en die bestuur en die senaat en die raad kop omlaag voortgebeur het om Engels tot uitsluiting van Afrikaans as die US se taal van onderrig ingestel te kry, het daar net een manier oorgebly waarop hierdie dier wat op Stellenbosch los is oorwin kan word en dit is deur 'n beroep op die howe.

Die vraag is dus nie soseer of Gelyke Kanse die saak sal wen of nie. Die vraag is of die breë Afrikaanssprekende gemeenskap kan bekostig om die saak nie te voer nie. Soos met elke goeie vraag word die kiem van die

antwoord in die vraag gedra. Kan u u voorstel watter oordeel die geskiedenis oor ons sou uitspreek indien ons sonder slag of stoot sou toelaat dat Afrikaans as onderrigtaal aan die US te gronde gaan?

Wat soos 'n paal bo water staan, is dat indien Gelyke Kanse die saak wen, sy werk dan eers sal begin en dat Afrikaanssprekendes daardie organisasie dan sal moet uitbou om toe te sien dat 'n prinsipiële oorwinning nie wegsyfer in die sand van berekende of onverskillige niksdoen en versuim nie. Ek het goeie moed dat daar 'n saak aan die konstitusionele hof voorgehou sal word wat op sterk grondwetlike pilare staan.”

Die Universiteit van Stellenbosch is nie 'n eiland in die see van Suid-Afrikaanse tersiêre onderrig nie en die implementering van die Grondwet en die Ministeriële Taalbeleid aan daardie universiteit, behoort ingelig en bepaal te word deur 'n groot verskeidenheid faktore. Faktore soos die volgende:

- Volgens die 2011 bevolkingsensus is Afrikaans die huistaal van 6.8 miljoen mense of 13.5% van die totale bevolking. Dit is die derde grootste huistaal naas Zulu en Xhosa met Engels, wat 4.8 miljoen huistaal sprekers het, as die vierde grootste huistaal. Afrikaans is die huistaal van 75.8% bruinmense en 60,8% witmense.
- In die Wes-Kaap is Afrikaans die huistaal van 49.7% van die inwoners en Engels die huistaal van slegs 20.2%.
- Tans studeer bykans 140 000 Afrikaanssprekende studente aan 26 universiteite waarvan nog net die Potchefstroom Kampus van die Noordwes Universiteit Afrikaans as 'n gelyke taal van onderrig het.
- In die Wes-Kaap is 4 universiteite waarvan 3 volledig in Engels onderrig gee.
- Skoolhoofde van bruin Afrikaanse hoërskole in die Wes- en Noord-Kaap wys daarop dat hul matrikulante met Afrikaans as huistaal baie moeilik suksesvol aan Engelse universiteite studeer en vir B graad studie is die uitsaksyfer van bruin studente 34% - heelwat hoër as die 24% van swart studente en 22% van wit studente.

Voorafgaande is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom bruinmense die laagste deelname koers van alle bevolkingsgroepe aan hoër onderwys het en die verengelsing van die US sal bruin studente van nog geleenthede ontnem.

Dit is 'n nasionale ramp.

Die bewindhebbers aan die Universiteit van Stellenbosch en hulle apologete se intellektuele en prinsipiële bankrotskap het tot gevolg dat hulle ons tipeer as mense wat probeer terugryp na 'n verlede van wit bevoorregting, na die spreekwoordelike vleispotte van die apartheids-Egipte. Die gekheid daarvan stuit teen die reputasies van mense soos Breyten Breytenbach, Hermann Giliomee, J M Coetzee, Van Zyl Slabbert, Abraham Phillips en duisende ander.

Dat die opstellers van die Grondwet die siening dat daar 'n verband bestaan tussen die beskerming van taalregte en die beskerming van 'n kultuur ingesien en gedeel het, is ook duidelik uit artikel 31 wat uitdruklike

(Vervolg op p14)

Tans studeer bykans 140 000 Afrikaanssprekende studente aan 26 universiteite waarvan nog net die Potchefstroom Kampus van die Noordwes Universiteit Afrikaans as 'n gelyke taal van onderrig het.

Afrikaans - Nie plek vir draadsitters (verv)

beskerming aan die regte van kulturele, taal en godsdienstige gemeenskappe bied.

Dit kan nie ernstig beweer word dat die afskaffing of afwatering van onderrig in 'n amptelike taal, by 'n instelling waar die reg daartoe dekades lank gevestig, bestendig en bewese prakties uitvoerbaar is, hierdie opdragte bevorder nie.

In die praktyk word die grondwetlike opdrag om inheemse tale, anders as Afrikaans, tot wetenskaps-tale te ontwikkel, egter roekeloos verontagsaam.

Prontuit gesê, 'n mens bevorder kwalik grondwetlike waardes wat almal glo wenslik en ideaal is deur by die plekke waar dit nog in vervulling gaan 'n einde daaraan te maak eerder as om dit as voorbeeld en inspirasie te koester.

Natuurlik word hierdie regte, soos trouens alle fundamentele regte, begrens, maar daar kan tog nie werklik 'n argument wees dat die afskaffing van die gevestigde reg tot moedertaal-onderrig aan 'n

instelling waar dit –

- lank gevestig is;
- klaarblyklik prakties uitvoerbaar is; en
- waarvoor daar 'n legitieme, redelike aanvraag is,

werklik in stryd met ander regte van die Grondwet is nie. En is dit werklik so dat die afskaffing daarvan op die een of ander manier gaan bydra tot die bevordering van die regte van ander, soortgelyke maar nog latente, ongerealiseerde regte?

In die praktyk word die grondwetlike opdrag om inheemse tale, anders as Afrikaans, tot wetenskapstale te ontwikkel, egter roekeloos verontagsaam. Die opdrag om Afrikaans se status as akademiese taal uit te bou, word eweneens verontagsaam.

Dit het implikasies vir meer as die tale; dit het implikasies vir gemeenskapsontwikkeling; dit het implikasies vir die kwaliteit van onderrig; dit het implikasies vir die ekonomie; dit het implikasies vir ons geloof in die waardes wat onderliggend is aan die Grondwet en, omdat dit so is, het dit implikasies vir ons grondwetlike en politieke stelsels.

Die taal wat mens praat het op aarde niks te doen met of mense, individueel of kollektief, inherent goed of boos is nie; of mense hul lewens inrig op so 'n wyse dat dit in pas is met die norme en standaarde wat die beskawing van vandag behoort te onderskei van die donker eeue van gister.

Dit het niks te doen met die politieke keuses wat hulle vir hulself maak en wat hulle dalk by magte is om aan ander op te dring nie. Verslawing en onderdrukking, soos bevryding en opheffing, is nie die funksies van 'n taal nie – dit is die gedrag van mense – goed en sleg, ongeag die taal wat hulle praat.

Vir sover dit nog steeds dien as motivering vir wat by ons universiteite aangaan, is dit gek om wat histories verkeerd gegaan het voor die deur van 'n taal te lê en dit daarom nie te praat nie; of ander sprekers daarvan te verbied om dit te praat; of andere die geleentheid te ontnem om daarin onderrig te ontvang.

Dit was immers ook die taal van verzet en opstand, van boetedoening en van bevryding.

Dit was immers ook die taal van verzet en opstand, van boetedoening en van bevryding.

Ons kon nie anders as om hierdie saak te voer nie. Daar is 'n Engelse gesegde wat sê “*Nothing succeeds like success*”. Woorde wek, voorbeelde trek.

Adv Jan Heunis SC is president van die konvokasie van die Universiteit Stellenbosch.

In die September uitgawe van die AB Nuusbrieff is die dringende versoek van Prof Philip Spies Voor-sitter van die Loodskomitee van Gelyke Kanse geplaas waarin hy sê “Hierdie is nie net die hoogste hekkie wat oorkom moet word nie. Dit is sekerlik ook die finale hekkie. In die verlede het ons u vir skenkings gevra. Hierdie keer pleit ons. Ons het geen ander keuse nie.”

(Vervolg op p15)

Afrikaans - Nie plek vir draadsitters (verv)

Die Afrikanerbond en die Christiaan de Wet Fonds het reeds besluit om binne die beskikbare begroting, fondse te bewillig. Ons doen opnuut 'n beroep tot lede en afdelings van die Afrikanerbond om ook individueel of vanuit beskikbare Afdelingsfondse by te dra tot die lofwaardige saak. . Bydraes (wat van belasting vrygestel is) kan gaan aan:

Naam: Stellenbosch-Antwerpen Trust
Bank: ABSA, Stellenbosch
Taknommer: 632005
Tjekrekening: 40-7258-3303

Die registrasienommer van die Stellenbosch-Antwerpen Trust is: IT3822/2008.
Om skenkings te maak via die betaal-platform Givengain, waar GelykeKanse se sosiale insamelingsplatform geregistreer is, gaan
na: <https://www.givengain.com/c/gelykekanse/>

Elke skenker/donateur kry 'n belasting-aftekbare Art 18a –sertifikaat. Alle skenkers word aangemoedig om die versoek om bydraes ook onder vriende, familielede en goedgesinde organisasies te versprei. ❖

Leuens oor plaasmoorde

**Openbare standpunt deur Jaco Schoeman,
Voorsitter van die Nasionale Raad**

Die Afrikanerbond het met werklike ontsteltenis kennis geneem van President Cyril Ramaphosa se ontkenning oor plaasmoorde tydens 'n onderhoud met sy besoek aan die Verenigde Nasies in New York.

Dit bly verstommend dat mnr Ramaphosa die erns van die situasie met plaasmoorde ontken. Mnr Bheki Cele, het in 2015 reeds as adjunk minister van Landbou gesê: sy departement neem die aanvalle ernstig op.

In 'n verklaring wat op 2 Julie 2017 deur die presidensie uitgereik is sê mnr Ramaphosa wat toe adjunk president was: “Parliament also successfully debated issues of importance such as, the increase in farm murders and farm attacks in South Africa...” Vir die buiteland word daar nou vertel daar is geen plaasmoorde nie.

Verskeie statistieke skets 'n somber prentjie in 2018 van misdaad oor die algemeen en dan plaasaanvalle en moorde in die besonder.

Dit is egter nie net oor die verergerde situasie oor plaasmoorde wat die regering telkens wegstrem van die waarheid nie. Wanneer die geskiedenis van grondbesit hanteer word, word selektiewe datums en feite aangebied wat net die Regering se ideologie pas en geen erkenning word gegee aan ander bydraers van hierdie land as net gedurig bloot 'n stortvloed rassistiese verwysing na die Apartheidsera en groot onreg van wit teenoor swart. Nooit word die geskiedenis in perspektief geplaas nie.

Dit bly verstommend dat mnr Ramaphosa die erns van die situasie met plaasmoorde ontken.

Dit is ook die ware feite oor grondbesit wat ernstig verbloem word en geen melding word gemaak van die ware besit van produktiewe landbou grond nie- ook die in staatsbesit nie. Die korrekte feite is al herhaaldelik onder die aandag van die regering en parlement gebring maar geen geleentheid word deur die woordvoerders van die Regering gemis om die skewe beeld van grondbesit voor te hou aan hul gehoor, of selfs as motiverings vir onteiening sonder vergoeding in die parlement nie.

Die vraag kan met reg gevra word. Wat wil die regering met so leuenagtige aanslag en wanvoorstelling bereik? Hulle kan dan mos nie meer vertrou word nie. Dit help weinig om Pres Donald Trump te verseker dat “hy hom nie oor Suid Afrika hoef te bekommer nie” as ons nie eers eerlik is met die ware feite in ons eie die land nie.

(vervolg op p16)

Leuens oor plaasmoorde (verv)

Ons doen 'n dringende beroep op die president en die regering om te hou by die ware feite en weg te stap van populistiese onwaarhede. Kry internasionale vriende, steun en beleggings gebaseer op die ware feite. Dit is goed genoeg. Dit sal veel verder gaan as die onwaarhede wat nou opgedis word. Dit wil voorkom asof die ANC regering so in isolasie is met omstandighede en realiteite in Suid-Afrika en vasgevang is in hulle eie leuens. Die groot vraag is dan of dit vir eie oorlewing is en of die ANC met tyd nie maar net patologiese leuenaars geword het nie?

Al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel. ❖

Slagspreuke skryf is makliker as om beleid uit te voer

Deur Jan Bosman

Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

lewers in 'n donker kamer in Luthuli Huis in die propaganda afdeling sit 'n persoon of persone en dink drie-woord begrippe uit vir die ANC. Die propagandis se hooftake is om:

- begrippe uit te dink wat die massas kan mobiliseer
- die drie-woord-begrippe binne die denkraamwerk van die NDR (Nasionale Demokratiese Revolusie) te hou;
- die regering se onvermoë tot dienslewering deurentyd gekamoefleer te hou en om dit reg te kry moet denkbeeldige vyande heeltyd opgestel word

Die drie-woord begrippe moet vinnig van die tong af rol, moet duidelik stel waarteen gemobiliseer word sonder om te veel eie verantwoordelikheid op te neem, want dit moet altyd iemand anders se skuld wees.

Dus in kort – skep 'n verwagting, skep 'n vyand en hoop dit lewer korttermyn politieke dividende. Die drie-woord-begrippe word binne die ANC se ideologie van die **Nasionale Demokratiese Revolusie** (NDR) pas, en moet aktuele en hedendaagse gestalte gee aan die revolusie, wie se glans uiteindelik maar ietwat verdof het, maar lewendig gehou word met retoriek

Generasie na generasie is die slagoffer van die ANC se vernietigende slagspreuk "**liberation before education.**" Die kreet het egter nog steeds nie enige verantwoordelikheid in onderwys terugbring nie en is leerlinge jaar na jaar maar weer die slagoffer van 'n nog steeds disfunksionele onderwysstelsel.

Meer onlangs was die drie-woord slagspreuk **White Monopoly Capital** die politieke propaganda van die dag. Die Britse kommunikasiefirma Bell Pottinger, was die skepper van die term en is soos wat die e-pos skandaal ontbloot het deur 'n Gupta-entiteit gehuur vir die veldtog wat veral deur die ANC se MK militêre veterane en Jeugliga gedryf is.

Sover vasgestel kan word is die term "**Radikale ekonomiese transformasie**" die eerste keer in 2014 in regeringsdokumente gebruik. Dit is daarna vir lank deur Jacob Zuma gebruik en was teen die einde van sy termyn die gonswoord van die dag. Ironies genoeg verdedig toe adjunk president Cyril Ramaphosa die term op 26 Junie 2017 in ANC Today deur te sê "Radikale ekonomiese transformasie is nie 'n wegbreek van bestaande beleid nie. Dit verteenwoordig nie 'n nuwe, onsekere pad nie. Radikale ekonomiese transformasie dui op 'n nuwe fase van versnelde implementering van die bestaande ekonomiese beleidsposisies van die ANC en die regering."

Ons weet nou al hoe die pad gelyk veral na die einde van 2017 en wat na die ANC se Nasrec konferensie gevolg het.

Wanneer daar onrustigheid in die samelewing is, gee die ANC ons net meer slagspreuke.

Die nuutste in die drie-woord propaganda wat alle debatte oorskadu is "**Onteiening sonder Vergoeding**" Dit verlam tans enige ekonomiese vooruitsigte en sal waarskynlik op die agenda bly tot en met die algemene verkiesing in 2019.

Die oordad van politieke drie-woord slagspreuke is nie net 'n skielike gewaarwording nie. Die politieke kommentator Prince Mashele sê op 13 April 2017 in Durban "Wanneer daar onrustigheid in die samelewing is, gee die ANC ons net meer slagspreuke, soos "radikale ekonomiese transformasie." Ironies is die opskrif van die artikel van die Daily Voice waaruit die aanhaling kom **Afrikaners Governed, ANC gave us slogans.**

(Vervolg op p17)

Slagspreuke skryf is makliker as om beleid uit te voer (verv)

Vanuit ANC gelede kom die waarskuwing ook, want op 22 Maart 2017 sê finansies adjunk Minister in Uitenhage: dat die “ANC bekend geword het vir “slagspreukpolitiek” en het hy bygevoeg dat gonswoorde van weinig nut is “want die ANC se vorige slagspreuke het nooit betekenisvolle verandering tot gevolg gehad nie, maar word telkens met nuwe slagspreuke vervang.”

Dit wil lyk asof dit makliker is om propaganda te ontwikkel en lekker op die oor slagspreuke of drie-woord begrippe maar dit is nie so maklik om dit uit te voer nie.

Professor Piet Naudé, Direkteur van die Universiteit van Stellenbosch se Sakeskool het op Afrika-dag in 2017 as gasdosent by die UCT Graduate School of Business gepraat oor die slagspreuk politiek maar met die duidelike waarskuwing “As ons die vermoë verloor om rasonale debat te voer, is die volgende stap 'n oorlog. Ek is bekommerd oor die rigting wat die debatte in Afrika neem. Ons moet versigtig wees om nie slagspreuke te glo nie.”

Met verwysing na slagspreuke soos "radikale ekonomiese transformasie", het prof Naude onder meer gesê dat “leierskap wat gebaseer is op slagspreuke wat nie ondersteun word deur feite nie, 'n ideologiese beleid skep wat gebaseer is op die idees van 'n paar mense, wat dalk nie in die belang van die armes is nie.”

Dit in kort is die probleem met slagspreuke. Dit skep onrealistiese verwagtinge. Net so is 'n tsoenami ontken met Onteining sonder vergoeding waaraan nie die regering, nog minder die opposisie kan voldoen nie. Die groter probleem is dat soveel beloftes gemaak word en dat dit nie meer lyk asof politici skaam is om nog meer beloftes te maak nie, en geen voorneme het om dit uit te voer nie.

Dit wil lyk asof dit makliker is om propaganda te ontwikkel en lekker op die oor slagspreuke of drie-woord begrippe maar dit is nie so maklik om dit uit te voer nie. Intussen word mense in kampe gejaag en al hoe meer gepolariseer. Dit word al meer duidelik dat Suid-Afrika nie kan funksioneer met drie-woord begrippe nie. Net so wag 'n onseker toekoms ook waarskynlik vir politieke partye wat hulself definieer aan die hand van drie-woord begrippe. soos die ANC, die EFF en die PAC. ❖

Broederskap Bestellings BROEDERSKAP - EEUFEESEGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER-BROEDERBOND EN DIE AFRIKANERBOND, 1918–2018

Prof O.J.O. FERREIRA

Redakteur: Prof P.F. THERON



BROEDERSKAP

Bestel die boek direk by die uitgewer

<http://groep7-selfpublish-books.co.za/home/774-broederskap-eeufeegesiedenis-van-die-afrikaner-broederbond-en-die-afrikanerbond-1918-2018.html>



BROEDERSKAP

Nou ook in e-boek formaat

<https://www.kobo.com/za/en/ebook/broederskap>



Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190